

# Dis koue kos, skat

Bespreking gelei deur ANITA DE KOCK

Robertson Biblioteek

**M**arita van der Vyver skryf nie letterkunde nie maar populêre fiksie of 'chick-lit' soos dit deesdae bekend staan. Met **Griet skryf 'n sprokie** het sy mense laat regop sit met die erotika wat daarin vervat is. Die boek het landwyd 'n opskudding veroorsaak – dit is geprys as 'n vernuwing of verdoem as pornografie, afhangende van wie dit gelees het. Die polemieks het die boek van die winkelrakke af laat vlieg.

Haar jongste roman, **Dis koue kos, skat** het ewe-eens weer 'n herrie veroorsaak – dié keer oor die aanbieding van die boek as 'n briefroman en veral weens Riana Scheepers se (venynige) resensie daaroor. Dit is dus nie snaaks dat die boek, soos **Griet**, 'n blitsverkooper geword het nie.


Voordat ek by die bespreking kom, net iets oor die verskynsel van 'n briefroman. Ons is bekend met die dagboek-roman in Afrikaans wat reeds begin het met Hettie Smit se **Sy kom met die sekelmaan** en later ook deur skrywers soos Hennie Aucamp. Hoewel redelik onbekend in die Afrikaans skryfgenre, is die briefroman al vir meer as 'n eeu lank bekend en is dit baie gebruik deur die Franse skrywer, Jean-Jacques Rousseau, soos in sy **La nouvelle Héloïse** en Choderlos de Laclos se **Liaisons dangereuses**, waarop die bekende rolprent met dieselfde naam gebaseer is (so skryf Naomi Morgan in *Die Volksblad* oor die briefroman). Trouens, sy gebruik 'n aanhaling van JJ Rousseau voor in die boek: 'Ek het die sedes en gewoontes van my tyd gesien en daarom het ek hierdie briewe gepubliseer.'

'n Briefroman bestaan uit briewe wat deur verskillende karakters aan mekaar geskryf word en dan in 'n chronologiese orde gepubliseer word om 'n storie te vertel.

**Koue kos** wyk ietwat af van hierdie vorm in die sin dat net een skrywer, die hoofkarakter, Clara Brand, se briewe, of in dié geval, e-posse gebruik word om die storie te vertel. Omdat geen antwoorde op die briewe gepubliseer word nie, kan die briewe dus ook as dagboek-inskrywings beskou word – daarom noem Morgan dit 'meer as 'n dagboek vermom as 'n briefroman'. Van der Vyver hou egter by haar beleid om net een hoofkarakter te hê.

'n Ander variasie is die feit dat die skrywer nie al haar briewe stuur of pos nie. Sy gebruik dus die skryf van die briewe as 'n tipe ontboeseming en 'n helingsproses na 'n egskieding.

Van der Vyver het in 'n onderhoud gesê sy wou 'n wraakroman skryf. 'Vroue is wraaksugtig, maar te ordentlik om dit uit te leef. Ek wou skryf oor 'n vrou wat so kwaad is dat sy in vlamme wil uitbars – vandaar die naam Clara Brand.' Daar is dan ook drie verskillende weergawes van die aanhaling, 'Revenge is a dish best served cold.'



Clara Brand, die hoofkarakter in die boek, se man ('n bekende joernalis en flielkenner) los haar en hulle kinders vir haar beste vriendin. Die gebeure strek oor 'n tydperk van tien jaar; waardeur Clara moet wroeg om weer haar menswaardigheid en selfvertroue te herwin. Sy is 'n joernalis wat artikels oor kook en resepte vir 'n tydskrif doen en die feit dat haar man haar gelos het vir 'n vrou wat

..... volgens haar nie 'n eier kan kook nie, is 'n bitter pil om te sluk.

Die idee van 'n skrywer om karakters uit verskillende boeke in een publikasie saam te voeg is nie 'n vreemde verskynsel nie

..... Die idee van 'n skrywer om karakters uit verskillende boeke in een publikasie saam te voeg

is nie 'n vreemde verskynsel nie. 'n Mens kry dit gereeld in boeke waarin die hoofkarakters oor 'n hele aantal publikasies gebruik word. Ook die feit dat sy haarself as karakter in die boek gebruik, is nie nuut nie. Clive Cussler doen dit reeds jare lank in sy aksie-romans.

Die boek begin op 'n interessante noot in die sin dat die slot-hoofstuk van die boek as eerste hoofstuk aangebied word. Die leser kry dus die oplossing of uiteinde van die verhaal aan die begin en dan word daar agtertoe gewerk om die storie van meet af te vertel.

Clara gebruik die briewe om uiting te gee aan haar hartseer, woede, moedeloosheid, magteloosheid en wrewel. Met tye wroeg sy; verval sy in sieklike selfbejammering; koester sy wraakgedagtes – dit wil sê sy tree ook in gesprek met haarself deur die briewe te skryf en sodoende die proses van genesing te begin.

Sy is ook 'n obsessiewe lysiemaker en dwarsdeur die boek is daar allerhande lyste waarin die titels en karakters uit rolprente en operas gebruik word:

#### Vyf operas van 'n vrou in liefde verlaat

- Elvira in Mozart se **Don Giovanni**
- Gilda in Verdi se **Rigoletto**
- Donizetti se **Lucia di Lammermoor**
- Puccini se **Madama Butterfly**
- Bellini se **Norma**.

#### Vyf konfyte wat verdrietige vroue kan kook

- Piesangkonfynt
- Perske- en gemmerkonfynt
- Moerbei- en kaneelkonfynt
- Tamatie- en lemoenmarmelade
- Waatlemoen- en suurlemoenmarmelade  
(Die lysie weerspieël haar bitterheid).

Sy vind egter ook troos in die volgende lysie:

#### Vyf soproresepte om gebroke gesinne te voed

- Italiaanse minestrone
- Marokkaanse chorba
- Franse uiesop
- Duitse ertjiesop
- Ma se boontjiesop.

Stadig maar seker begin sy weer om haar eie waarde en selfrespek te ontdek. Sy begin kookklasse vir mans wat baie suksesvol is; skryf 'n kookboek, gaan oorsee en kry 'n minnaar en haar verhouding met haar kinders is weer op dreef.

Opvallend is die feit dat, namate Clara se lewe weer op dreef kom en sy weer vrede en geluk ervaar; haar eks-man se lewe besig is om uitmekaar te val en het sy 'nuwe' vrou hom gelos. Die ironie is dat hy dan by Clara kom kla en soek na simpatie. Vir haar; soos die eerste hoofstuk in die boek vertel, is dit betaaldag – die dag waarop sy uiteindelik kan wraak neem. Sy verlustig haar net so effens in sy lot en dis ironies dat haar oomblik van triomf na tien jaar se emosionele trauma in 'n 'posh' restaurant plaasvind en dat sy daarvoor betaal.

Die briefwisseling vind plaas oor 'n tydperk van tien jaar en die boek is dan ook in tien dele verdeel – elk met sy eie opskrif en, gepas, is dit in die vorm van 'n resep:

#### Resep vir 'n ramp

- Skil uie tot jou oë traan
- Gebruik jou vuiste om te knie
- Roer tot jou arms lam raak
- Sny oop en haal die binnegoed uit
- Verwarm die oond vooraf
- Voeg 'n koppie asyn by
- Vryf sout in die snye
- Plaas alles saam in 'n drukkoker
- Kook stadig tot sagte-bal stadium.

Die opskrifte weerspieël die verskillende emosionele fases waardeur sy gegaan het; hoe sy terugslae aanvaar en verwerk het; hoe sy woede oor dít wat gebeur het hanteer; ensovoorts.

Benewens die briewe aan vriendin en haar eks, is daar ook briewe aan haar oudste seun. Hy is in sy tienerjare en is baie bewus van sy ouers se emosies en optrede. Hy is vasgevang tussen sy pa en ma en besef dat elkeen van hulle praat en lieg om hulle eie optrede te regverdig. Clara besef dit eers wanneer sy haar seun se eie e-posbriewe op sy rekenaar kry: 'My pa lieg vir almal om hom, my ma lieg mostly vir haarself en dink dit maak haar beter as my pa, what a joke. En dan expect hulle ek moet eerlik wees met hulle! Ek voel so vasgevang soos 'n f... vlieg in hierdie web of deceit. Al manier om los te kom is om saam te lieg, wat anders.' Die briewe wat sy vir hom skryf is roerend – 'n ma wat probeer om die chaos van haar emosionele lewe aan hom te probeer verduidelik. Maar 'n ma bly 'n ma. Toe hy op 'n slag met die stiefma verskil, baklei sy soos 'n tierwyfie vir hom. Op 'n ander keer praat hy só lank op die telefoon dat haar rekening afgesny word. Haar weergawe van die tienersgesprekke oor die foon is skreeusnaaks – iets waarmee elke ouer met tieners baie bekend is.

Terug na Riana Scheepers se gewraakte resensie in *Rapport*. Die resensie is geskryf in die vorm van 'n brief (volgens die boek se formaat) en Scheepers is duidelik nie baie beïndruk met die boek nie. Sy bevraagteken die formaat, dit wil sê, die briefvorm, sy bevraagteken die oorspronklikheid daarvan – sy trek vergelykings tussen die boek en die rolprent, **It's complicated**, en les bes, sy beskuldig Van der Vyver van narsisme omdat sy die karakter Griet Swart uit haar vorige roman en haarself as 'n karakter in die boek gebruik.

Dis 'n ongeskrewe reël dat skrywers nie reageer op resensies van hulle boeke deur ander skrywers nie. Van der Vyver doen dit egter deur 'n ope brief aan haar (Riana Scheepers) te rig. Joan Hambidge het hierop kommentaar gelewer en gesê die feit dat Scheepers haar resensie in die vorm van 'n brief gedoen het, Van der Vyver wel daarop kan antwoord – dit wil sê, sy lewer nie kommentaar op die resensie nie, maar beantwoord net Scheepers se brief.

Scheepers tref ook vergelykings tussen **Dis koue kos, skat** en die rolprent, **It's complicated** wat min of meer dieselfde storielyn het. Van der Vyver antwoord dat haar manuskrip reeds by die uitgewers was toe die rolprent vrygestel is. Dan val sy 'n bietjie van die kar af as sy sê sy dink haar boek is beter as die rolprent... Maar ek sal dit maar daar laat.

Ek het die DVD van **It's complicated** gekyk. Wat 'n lekker ontspannende prent met Meryl Streep en Alec Baldwin as die hoofkarakters. Om terug te keer na Scheepers se bewerings dat Van der Vyver idees by die prent gesteel het – ek stem nie daarmee saam nie. Ja, daar is ooreenkomste: die hoofkarakters is tien jaar lank geskei, die vrou is 'n bakster en het haar eie bakkerij, die twee het drie kinders (almal reeds volwasse), die man is met 'n jonger

.....

Dis 'n ongeskrewe reël dat skrywers nie reageer op resensies van hulle boeke deur ander skrywers nie. Van der Vyver doen dit egter deur 'n ope brief...

.....

vrou getroud wat sukkel om swanger te raak. Die storielyne van die boek en die film verskil egter dramaties. Clara Brand is ingestel op wraak en 'to get even', terwyl Janey in die fliek haar eksman se 'mistress' word om uit te vind of sy die regte besluit geneem het om van hom te skei. Daar is skreusnaakse situasies en teen die einde van die prent is sy genees van haar man en vind nuwe liefde.

Om die boek en die prent direk oor mekaar te stel – **Koue kos** sal myns insiens nie werk as 'n rolprent nie, en die prent sal nie noodwendig 'n goeie boek wees nie omdat baie van die gebeure daarin visueel gesien

moet word om die storie te waardeer. Die jongste verwikkeling oor die boek is dat Elzabé Zietsman dit tot 'n eenvrouvertoning vir die teater verwerk en tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees opgevoer het.

.....

... 'n lekkerleesboek. Dit lees vinnig en maklik

.....

Ek weet nie of dit die invloed van die boek is nie, maar Van der Vyver bied deesdae ook 'n kookprogram saam met haar Franse man op kykNET aan.

Om op te som. **Dis koue kos, skat** is 'n lekkerleesboek. Dit lees vinnig en maklik en mense, (veral vroue), kan met Clara

simpatiseer. Plek-plek is Van der Vyver baie snaaks en oorspronklik, maar daar is ook dele wat saai en vervelig is en sy verval dikwels in die gebruik van ou geïkete clichés.

Dis 'n boek wat 'n mens geniet om te lees, maar vinnig sal vergeet. Ek het dit geniet en lekker gegiggel, maar sal nie die boek koop nie. Ek dink nie ek sal dit weer wil lees nie.

